# VLU OVERVAAL

## NUUSBRIEF / NEWSLETTER

JAARGANG 30 • VOLUME 1 • FEBUARIE 2024 • YEAR 30




TEMA 2024 THEME

**LEEF IN VOLKLEUR**

**LIVE IN FULL COLOUR**

**VLU HOOFKANTOOR / WAU HEAD OFFICE**

**076 431 2250** vluovervaal@gmail.com

Eenheid/Unit 13, Central Office Park,
Jeanlaan 257 Jean Avenue, Centurion, 0157

Kantoorure / Office hours:
Maandag & Dinsdag 08:00 - 13:00/
Monday & Tuesday 08:00 - 13:00

**President**

Barbara Nell

076 194 1901 bnell@uegroup-sa.co.za

**Sekretaris / Secretary**

Mercia Coetzee

**076 431 2250**

vluovervaal@gmail.com

**Streekvoorsitters / Regional Chairpersons**

**GOUDRIF** Ronél Lombaard

083 659 7236 ronellombaard5@gmail.com

**GOUE SUIDE** Elize Coetzee

082 929 0874 pieter.coetzee@fastway.co.za

**JAKARANDA** Heléne Richter

082 377 9385 richterhw61@gmail.com

**PRETORIA** Sally Ferreira

072 181 6448 sally@mstrading.co.za

**WITWATERSRAND** Adri van Niekerk

082 556 2984 busdiens@gmail.com

**Redakteur / Editor** - Tina Ainslie

082 401 5140 tina@vwveng.co.za

**Skakelbeampte / Liaison Officer**

Diana Keulder

076 645 8038
skakelbeampteovervaal@gmail.com

**VLU Overvaal Bankbesonderhede / Banking detail:**

VLU Overvaal, ABSA Centurion
Tjekrekeningnommer 210153519 Current account

Bewys van betaling aan / Proof of payment to:
**076 431 2250** vluovervaal@gmail.com

*Verskaf besonderhede soos naam, tak, streek, provinsie en waarvoor deposito is / Provide full details of the deposit i.e. name, branch, region, province and what the payment is for.*

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!***

**Voorbladfoto / Cover photo**
**Sue Spargo designer fabrics**
Www.suespargo.com

# VLU OVERVAAL

**Non-profit Org.: 010-582 NPO**

## nuusbrief | newsletter

JAARGANG 30 • VOL 1• FEBRUARIE 2024 • YEAR 30

**Boodskappe / Messages:** **Bladsy / Page**

- **President - Barbara Nell** 3
- **Uitvoerende bestuur** 3

**Uit Hoofkantoor / From Head office**

- **Belangrike datums & projekte** 6
- **Miami-kompetisie** 7

**Streeknuus / Regional News:**

- **Goudrif** 8
- **Goue Suide** 10
- **Jakaranda** 16
- **Pretoria** 23
- **Witwatersrand** 29

**Artikels**

- **Modelling after 90** 10
- **Leeubrug** 15

**Dit & Dat / This & That**

- **Motorkleure** 22
- **Health and Fitness** 22
- **Recycling of Metal** 36
- **Omgewingsbewaringswenke** 31
- **Wenke - Roesverwydering** 36
- **Resepte / Recipes** 52

## Redaksioneel

Toe ek die vrolike materiaal (voorblad) sien het ek "**Leef in Volkleur**" gesien! En daarvandaan kon ek die versoeking nie weerstaan om met kleur te speel nie. Kleur het ook ander plekke uitgespring: Pantone colour of the Year, motorkleure en in verskeie ledebydraes. Geniet dit dus ook saam met my en **Leef** self **in Volkleur.** Sien ook twee 90+'s wat voluit leef (p10)!

Daar is baie interessante gebeure waarna uitgesien kan word. Die Miami-kompetisie (p7) is iets nuuts en opwindend en ek het gehoor daar is nog 'n lekker geborgde kompetisie met pryse in die pyplyn - hou die "pos" dop!



Dan is daar die kleiduifskietdag wat nou nie meer so 'n vreemde konsep vir baie van ons is nie. Saam met almal aan die stuur van sake vertrou ek ons sal ook hier ons ware **kleure** wys!

Ek weet nie of ek 'n uitdaging moet stel nie maar sommige streke is baie stiller as ander... Hoe lyk dit? Ons leer en leef deur mekaar se ervaringe - deel dus gerus.

Groetnis, Tina

*Overvaal-Nuus word aan die opvoeding van die volwasse vrou gewy. Dit is die amptelike nuusblad van VLU Overvaal. Menings wat in hierdie nuusblad uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Unie nie. Briewe, foto's en bydraes ontvang vir publikasie word geplaas met die veronderstelling dat toestemming van die betrokke persone op die foto's en bydraes verkry is.*

*Overvaal News is devoted to the education of adult women. WAU News is the official journal of WAU Overvaal. Opinions expressed in this newsletter are not necessarily those of the Union. Letters, photos and contributions received for publication are placed with the assumption that people reflected gave permission for it to be used.*

Goeiedag liewe lede,



2024 is hier met mag en mening. 'n Nuwe jaar met nuwe geleenthede, nuwe gebeure, nuwe uitdagings, nuwe lesse, 'n splinternuwe jaar wat ons kan inkleur.

2023 was soms ontstuimig, maar vir elke af-tyd was daar wonderlike positiewe lewensverrykende en spesiale tye. As ek objektief is, was die mooi soveel meer as die uitdagings. Daarom het ek besluit om in 2024 elke dag 'n keuse uit te oefen:

- Die keuse om elke dag se mooi raak te sien - 'n blom, 'n wolk, 'n voël, 'n sonsopkoms.
- Die keuse om tyd te maak vir dit wat vir my lekker is sonder om skuldig te voel.
- Die keuse om op te hou om my te bekommer oor wat mense van my dink, of ek die regte ding doen en oor al die dinge waaroor ek geen beheer het nie.
- Die keuse om elke dag my bes te doen, sonder om my doen en late obsessief te evalueer en te oordink.
- Die keuse om positiwiteit na ander uit te straal.
- Die keuse om die mooi in mense raak te sien.
- Die keuse om te lag.
- Die keuse om onvoorwaardelik lief te hê.
- Die keuse om elke dag met hoop aan te pak sonder dat ek weet wat die dag vir my inhou.
- Die keuse om te leef terwyl ek nog kan!

Mag elkeen van julle julself die kans gun om hierdie jaar in **volkleur** te leef.

Dit is so lekker om die nuwe jaar af te skop met 'n splinternuwe tak in Pretoriastreek. Welkom Kleinfontein! Mag die VLU vir julle verrykend, leersaam en vernuwend wees. Welkom aan die nuwe takbestuurslede wat bereid is om voor te loop in hul takke. Ek hoop dat julle werklik hierdie taak gaan geniet.

Al vyf die streke is ywerig besig om te beplan aan konferensies, die hoogtepunt van die jaar se aktiwiteite. Ek sien baie uit na die geleenthede, elkeen so uniek en spesiaal. Sterkte met die voorbereiding.

Op 10 Mei bied VLU Overvaal die tweede kleiduifskietkompetisie aan - hierdie keer by Pretoria Militêre Kleiduifskietbaan. Ons wins in 2023 het dit moontlik gemaak om die VLU Overvaal-kantoor op te gradeer, ons kon lede befonds vir die kongres en die belangrikste is dat ons 'n sentrale fonds vir ons Hef 'n Kind op-projek kon stig. Ons het die ondersteuning van elke lid nodig om 'n sukses van die fondsinsameling te maak. Vertel jul vriende en familie. Raak betrokke en help ons asseblief met die bemarking van hierdie geleentheid.

Alta Lichtenstein bied verskeie rekenaarprogramme by die VLU Overvaal-kantoor aan. Hierdie programme is soos boustene wat op mekaar volg. Die koste vir die aanbiedings word bekostigbaar gehou sodat dit aan lede die geleentheid vir vaardigheidsontwikkelling bied. Die opleiding vind in klein groepe plaas sodat individuele aandag gebied kan word. Die datums sal op die streke se kommunikasiegroepe geplaas word. Besprekings word by Mercia Coetzee gedoen.

Groete tot ons weer gesels

*Barbara*

## LEEF IN VOL KLEUR

**BOODSKAPPE VAN ONS VOORLOPERS...**

Liewe VLU-vriendinne

'n Gesegde wat 'n mens gereeld raaklees is: "Jy kleur jou eie lewe in, moenie dat iemand anders die verfkwas van jou lewe vashou nie". Ons tema van die jaar, **"Leef in Volkleur"**, skep soveel uitdagings aan ons dié jaar. Het jy al besluit hoe jou kleurpalet die jaar gaan lyk? Waar begin 'n mens om jou lewe weer nuut met nuwe kleure in te kleur? My eerste gedagte was nuwe helderkleurige uitrustings vir my klerekas, maar ons kan op soveel ander wyses ons lewe kleurvol lewe. Ek gaan van nou af probeer om elke maand myself met spesiale volkleurdae te bederf en take af te handel waarvoor 'n mens nie altyd voor lus voel nie.

Op 'n **rooi** dag gaan ek al die administratiewe take afhandel wat altyd lê en wag vir later en ten minste een laai regpak. **Groen**dae gaan ek bietjie meer tyd in my tuin deurbring, al het ek nie groen vingers nie. My **geel**dae gaan kuierdae wees, al skakel ek net 'n vergete vriendin, maar daar sal beslis ook meer koffie-afsprake met hartsvriendinne wees. 'n **Blou**dag gaan my kreatiewe dag wees. Ek wil graag 'n paar nuwe kreatiewe vaardighede aanleer en ook weer aan ons kompetisies deelneem. My **pienk**dae, waarvan daar die meeste gaan wees, gaan my spesiale bederfdae wees. Hetsy dit nou 'n spadag of 'n pajamadag is en of ek 'n stukkie onwettige wortelkoek eet, want ek is dit werd.

Het julle al in takke besluit hoe julle die jaar in **volkleur** gaan aanpak? Nou is die tyd om daardie donker kolle, wat gedurig onmin veroorsaak, uit te vee, julle kleurpotlode nader te trek en al daardie negatiwiteit vrolik in te kleur. 'n Bietjie kleur bring altyd vrolikheid. Het julle gesien wat is die nuwe tendens vir partytjies en byeenkomste? 'n Kleurpartytjie… en dit is nie net vir kinders nie. Gaan loer gerus op Pinterest, dit is heerlike pret.

Sterkte vir julle konferensies, ek sien uit om saam met julle in **volkleur** te kuier.

Groete

Nina Nel, Visevoorsitter

---

Die jaar 2024 het vir ons almal afgeskop met 'n baie besige VLU-program. Hoë verwagtings en groot uitdagings word aan sommige van ons gestel. Tog doen ons dit alles onder die tema van "**Leef in Volkleur**". Mag die kleur wat ons uitstraal hierdie jaar baie meer kleurvol wees as die donker kolle wat soms alles wil oorweldig. Mag ons alles doen ten goede en ter wille van ons organisasie met die "eie ek" in die agtergrond. Voorspoed vir die jaar en mag alles wat ons aanpak in helder reënboogkleure wees!

Groete,

Heléne Richter, Jakarandastreekvoorsitter

**Sally Ferreira:**

Live in FULL COLOUR! What a joyous theme for 2024!

It brings to mind the hymn by Cecil Francis 'All things Bright and Beautiful.
The Lord God made them All.'

Ek kan my lewe sonder kleur nie indink nie, die eindelose variasies van die kleur van die lug, die bome, die grasperke en helderkleurige blombeddings.

Kleure wat ons emosies so aanraak: **blou** wat kalmte bring, **groen** vir rustigheid, die passie van **rooi** en die blydskap van **geel**! Verskillende kleure wat ons lewens verryk en voller maak.

So is dit ook met al ons VLU-lede. Elkeen is uniek en spesiaal en elkeen het 'n rol om te speel in ons organisasie en in die lewens van ander. Sonder VLU-vriendinne sou my lewe so eentonig, vaal en kleurloos wees soos 'n sonskynlose dag.

Let us allow the sun to shine on our fellow members so that they can grow and reach their full potential in glorious **colour**!

Mag 2024 vir jou 'n besonderse kleurvolle VLU-jaar wees!

VLU-groete

Pretoriastreekvoorsitter




**Adri van Niekerk:**

2023 was vir my die eerste jaar na Covid waarin ons lede, weer begin het om met ywer deel te neem aan VLU-aktiwiteite. My verwagting vir 2024 is dat ons met nuwe entoesiasme, ons organisasie sal bou en bekendstel.

Ons moet daarna streef om met opgewondenheid van die VLU in geheel te praat, nie net oor die kompetisies nie. Ons is soveel meer as die kompetisies waaraan ons so graag deelneem.

Vertel veral aan almal van die interessante vergaderings wat gehou word, die wonderlike vriendskappe wat ons smee, die nuwe vaardighede wat ons aanleer en die werk wat ons in ons gemeenskappe doen om ons medemens op te hef.

Ons organisasie is die enigste een waarvan ek weet wat so divers is en so groot verskeidenheid aan vroue van jonk tot oud bied. Jy hoef nie te brei of hekel of te bak en brou nie. Jy kan hier jou horisonne verbreed en dalk in die proses 'n nuwe stokperdjie begin. Mag 2024 die jaar wees waarin ons almal daarna sal streef om ten minste een lid vir ons organisasie te werf.

Witwatersrandstreekvoorsitter

**Elize Coetzee:**

2024 moet wees soos 'n verkleurmannetjie, mens moet elke oomblik jou kleur kan aanpas by die omstandighede waarin jy jou bevind;

Rooi – Passievol, selfvertroue en energiek.
Word gedryf deur jou eie belange en spandeer tyd aan dit wat jou gelukkig maak.

Pers – Wysheid, uniek en geloofwaardig wees.
Wees jouself, lewe voluit met geloof en selfvertroue.

Blou – Stabiel, kalm, betroubaar, konserwatief.
"Be Calm".

Groen – Natuurlik, vars en liefde uitstraal.
Vind die goed in ander mense en bou op die gesamentlike sterk ooreenkomste.

Geel – Gelukkig, optimisties vriendelik.
As jy iets wil wees vir die dag teenoor ander mense, wees "NICE".

Oranje – Kreatief, selfvertroue, gelukkig.
Wees ontvanklik vir ander se idees en leef kreatief, moet nie 'n vaal "blommetjie" wees nie.

Bruin – Warm, betroubaar, aards.
Vergeet van gister, wees dankbaar vir dit wat jy het en kyk met verwagting na dit wat voor jou is.

Swart – Kragtig, geheimsinning.
Bou selfvertroue en glo in jou eie vermoë en vertrou op jou instinkte.

Grys – Neutraal, gebalanseerd, kalm.
Sê jou sê op 'n mooi manier, neem ander se gevoelens in ag, maar deel jou gedagtes, gevoelens en idees openlik.

Wit – Skoon, gemaklik, eg.
Stel opregte doelwitte vir jouself terwyl jy jou eie persoonlike waardigheid behou, in jou private lewe sowel as in die samelewing.

Pienk – Romanties, vroulik, liefdevol.
Mag jy elke dag die wonders van klein goedjies om jou raak sien. Die liefde van God. "1 Kor 13 se Geloof, Hoop en Liefde, waarvan die Liefde die grootste is."

My wense is dat elke vrou en veral ons VLU-lede hierdie jaar hulle kleur sal vind en nie net vind nie, maar die jaar 'n verskil sal maak in gewone mense se alledaagse lewens en dit ook self met passie sal uitleef.

Groete,

Goue Suidestreekvoorsitter

**Ronél Lombaard:**

Vir my om in volkleur te leef, moet ek eerstens  weet wie ek is, waar kom ek vandaan en waarheen is ek oppad? Ek weet waar ek vandaan kom ek weet wie ek is! Waarheen is ek op pad? VLU - 'n organisasie wat vir 18jaar kleur in my lewe gebring het. Elke VLU-vrou op my pad het my lewe verryk en met denkbeeldige kleurpotlode my lewe ingekleur.

Daar was tye wat die prentjie vaal was en dan met 'n opbouende en bemoedigende boodskappie, is die dag weer helder ingekleur. My strewe is om ook kleur in elke persoon met wie ek saamleef, familie en vriende en selfs dié wat ek net vlugtig ontmoet, se lewens te bring. Omring jouself met kleurvolle mense wat 'n passie vir die lewe het en vermy die vales!

Sonnige en kleurvolle dag vir jou Sonskyn-vrou.

Goudrifstreekvoorsitter

**Diana Keulder:**

In 2024 leef ek in volkleur nie net in een kleur nie.

◊ Groen - Groei - sien elke dag hoe ons organisasie groei.

◊ Pienk - Kreatiwiteit - hoe elkeen kreatief raak en geluk beleef.

◊ Rooi - Energie - dames straal soveel energie uit deur alles wat hulle aanpak.

◊ Geel - Sukses - daar is vele dames wat sukses behaal in wat hulle in die VLU aanpak.

◊ Blou - Vertroue wat elkeen in takke kweek.

◊ Bruin - Aards - mense met albei hulle voete op die aarde.

◊ Grys - Balans- die balans wat dames handhaaf tussen die VLU en hulle huise.

◊ Pers - Wysheid - Kennis praat maar wysheid luister.

Graag wil ek al die kleure uitleef solank ek kan.

Groete.
Overvaalskakelbeampte

**Almarie van den Berg:**

Wat is my visie vir 2024?

Ek sal graag wil hê dat elke streek werkswinkels en ander opleidingsgeleenthede sal aanbied waar nuwe vaardighede aangeleer kan word. Daar is baie ervare lede wat oor kennis beskik wat hulle met graagte sal deel. Kom ons maak gebruik daarvan.

Kompetisies is wel 'n groot deel van die VLU maar dit is nie die hoofdoel nie. Kompetisies moet gesien word as 'n instrument om jou eie vaardighede te toets en te verbeter. Dit moet vir jou lekker wees om deel te neem.

Kom ons poog om moderne, bruikbare artikels voor te stel om sodoende ook die jonger dames se belangstelling te prikkel. Materiale en produkte is te duur om iets te maak wat jy nie kan gebruik nie.

Beoordelaarsopleiding word weer aangebied vir alle lede al is jy nie van plan om eksamen te skryf nie. Miskien geniet jy dit so baie dat jy van plan verander.

Ons het 'n heerlike kompetisie, met groot pryse, wat deur **Miami** geborg is. Ek kan nie wag om die foto's van al jul brode en gebottelde produkte te sien nie. Ek wil julle uitdaag om in groot getalle aan die kompetisie deel te neem. Wie weet, dalk is jy die gelukkige wenner...

Ek sien uit na 'n jaar vol nuwe uitdagings.

Jy sal nooit weet of jy iets kan doen as jy nie probeer nie.

Groete.

Overvaalkompetisiesameroeper.



# INLIGTING VANUIT HOOFKANTOOR

Affiliasie- en projekfooie is betaalbaar vir die tydperk
1 Januarie tot 31 Desember 2024.
Affiliation fees and project funds are payable for the period
1 January – 31 December 2024

| **AFFILIASIEFOOIE *Vooruitbetaalbaar* / AFFILIATION FEES *Payable in advance*** | |
|---|---|
| Affiliasiefooie / Affiliation fees (voljaar / full year) | R180.00 |
| Projek- en ander fondse / Project- and other funds (voljaar / full year) | R20.00 |
| **Totaal / Total** | **R200.00** |

**ADVERTENSIES**

Alles in **kleur** en in **A4 formaat**.
Advertensiekoste is die volgende:

- A4 volblad R900 (3 uitgawes per jaar)
- ½ blad R450 (3 uitgawes per jaar)
- ¼ blad R250 (3 uitgawes per jaar)
- Visitekaartjie-grootte R120 (3 uitgawes per jaar)

Die advertensie kan in jpg-, pdf- of pub-formaat gestuur word.
'n Faktuur sal verskaf word vir die advertensie en betaling kan gemaak word aan:
VLU Overvaal, ABSA Centurion
Tjekrekeningnr: 210153519
Verwysing: Besigheid se naam + advertensie
Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan vluovervaal@gmail.com

**Stuur die advertensie na die redaktrise sowel as na die Hoofkantoorsekretaresse met bewys van betaling**

## BELANGRIKE DATUMS 2024

**KONFERENSIES:**

- Goudrif : 2 Maart
- Goue Suide : 16 Maart
- Jakaranda : 7 Maart
- Pretoria : 22 Februarie
- Witwatersrand : 9 Maart

**KONGRES** : 28 & 29 Augustus

**SAVLU KONGRES** : 22-24 Oktober 2024
te Bolivia Lodge, Polokwane

**KLEIDUIFSKIETKOMPETISIE** 10 Mei 2024

**BYDRAES VIR OVERVAAL NUUS:**
26 Januarie
17 Mei
18 Oktober

### Overvaal Omgeeprojek: SAVF 2024

Bydraes van toiletware, haarbenodigdhede, skryfbehoeftes, onderklere & sokkies vir seuns en dogters word gevra. Die projek strek tot met die datum van Kongres 2024 (einde Augustus)

*(Uittreksel uit die skrywe van SAVF na die skenking by Kongres 2023)*

VLU Overvaal

President, Bestuurslede en Lede

**VLU Overvaal Kinder-en Jeugsentrum Skenking**

SAVF se eerste Kinderhuis is in 1953 geopen. In die afgelope jaar was die vier (4) SAVF Kinder- en Jeugsentrums en vier (4) SAVF Pleegsorghuise 'n veilige hawe vir 556 kinders.

Dit is met opregte dank en groot waardering dat ons die VLU Overvaal skenking van plakkies, handdoeke en waslappe, toiletware en ander items met 'n waarde van R63 318,02 in ontvangs kon neem.

U skenking verskaf nie net 'n groot finansiële besparing vir ons fasiliteite nie, dit dra ook daartoe by dat die kinders die warmte en liefde van omgeevroue kan ervaar. 'n Nuwe paar plakkies of persoonlike toiletware is vir meeste kinders 'n gegewe, maar vir hierdie kinders 'n enorme voorreg.

SAVF Hoof Bemarking
Maria Scholtz
Head.marketing@savf.co.za
083 2800 725

Ek het bietjie huis skoon gemaak - want so 'n klomp gemors gaar 'n mens darem nie op nie!!!!!!

*Ek het "bekommernis" uitgegooi. Dit was oud en in my pad. Dit het my gekeer om myself te wees, en om dinge op Jesus se manier te doen.

* Ek het ook 'n ou boek weggegooi - "my verlede" (het in elk geval nooit tyd gemaak om die ding te lees nie). Het hom vervang met nuwe doelwitte – het hom vandag begin lees.

- Hannetjie Nolte
Skakelbeampte, Goue Suide

# SAVLU/MIAMI KINKELKOK 2024

Elke VLU-lid wat bak of preserveer vir die kompetisie, se resep en foto van haar gereg / gebottel asook haar persoonlike inligting moet by my uitkom by e-posadres: tres@savlu.co.za. Elke President kan haar eie reëlings tref hoe julle dit by my uitkry, hetsy alles eers na jou as President kom en jy self alles vir my deurstuur. Ek moet elke deelnemer op takvlak se foto, resep en inligting kry. Dan moet ek die wenners kry vanaf takvlak tot en met Provinsialevlak. Dit is baie belangrik terwille van pryse wat Miami gaan skenk. Die gebottelde relish wat ons gaan ontvang vir finale beoordeling stuur ek na Miami waar dit finaal gaan beoordeel word.

| |
|---|
| Naam en van: |
| Provinsie: |
| Streek / Area: |
| Tak: |
| Naam van gebak: |
| Miami-produkte gebruik in bak van broodjie: |
| Naam van gebottelde relish: |
| |
| |

**Kompetisiereëls: Daar is 2 afdelings. Jy kan aan net een of albei afdelings deelneem.**

1. **'n Brood** met 'n Miami Kinkel.
   Brood **MOET** ten minste 2 Miami-produkte bevat. Beplan dadelik vir jul takkompetisie.
2. **Produkontwikkeling Gebottel: 'n Relish eie aan jou Provinsie. Die wenner van die afdeling se naam sal op die blikkie verskyn asook SAVLU en sal bekend staan as bv. Mpumalanga Boerie relish.**

**JOU BASIS MOET DIE GEWONE BOERIE RELISH WEES wat jy 'n Kinkel gaan gee en aanpas eie aan jou Provinsie.**

**GEEN VLEIS,VIS,SEEKOS,EIERS,MELK OF NEUTE MAG IN DIE RELISH GEBRUIK WORD NIE. GEEN GEKOOPTE SOUSE BV. MAYO, CHUTNEY ENS.**

**SLEGS VARS OF GEDROOGDE KRUIE, GROENTE EN SPESERYE MAG IN DIE RELISH GEBRUIK WORD.**

Uitdunne begin op takkompetisievlak. Die tak se lede bak/preserveer vir hul takkompetisiedag en met die beoordeling word **'n wenner van die tak** aangewys.

Die wenners op takvlak in elke **streek of area** bak/preserveer dan weer sodat daar 'n **1ste plek** op **Streek/Area-vlak** gekies kan word.

Elke Streek/Area se **wenner** bak/preserveer weer sodat 'n **1ste, 2de en 3de plek** by elke **Provinsie** aangewys word.

Die 3 wenners van elke Provinsie bak/preserveer weer vir SAVLU Kongres waar dan 'n 1ste, 2de en 3de algehele SAVLU-wenner aangewys word.

**Kompetisie pryswenners:**

**Op Takvlak:** Net elke 1ste plek kry 'n prys vir broodjie en gebottel.

**Op Konferensievlak:** Net elke 1 ste plek kry 'n prys vir broodjie en gebottel.

**Op Kongresvlak:** Elke 1ste, 2de en 3de plek kry 'n prys vir broodjie en gebottel. Die gebottelde groenteprodukte gaan almal na Miami om die 1ste, 2de en 3de plek aan te wys vir SAVLU Kongres. Ons wys die broodjiewenners aan vir SAVLU.

**Op SAVLU Kongres**: Elke 1ste, 2de en 3de plek kry 'n prys vir broodjie en gebottel.

Hierdie kompetisies vanaf takvlak tot Provinsiale vlak, kan elke President van haar provinsie reël soos dit julle gaan pas, solank takke deelneem en dan die takwenners, streekwenners en Provinsiale 1ste, 2de en 3de plekke aangewys word. Hierdie wenners ontvang elkeen 'n prys van Miami.

Baie foto's word geneem wanneer jy bak vir die kompetisie en ook met beoordeling. Moedig lede aan om baie foto's op facebook en ook op SAVLU se facebook te plaas.

Beplan en begin met takkompetisies asseblief dames. Die sperdatum is die beoordelingsdatum vir SAVLU se beoordeling. Jul brode en gebottelde relish moet saam met al jul ander items deurgaan vir beoordeling.

Miami wag vir foto's. Kom ons gaan GROOT. Miami se pryse is groot.

VLU Noord groete - President: Ria Strydom

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS - GOUDRIF

## JASMYN

### GEMMERKOEKHUISIES VIR KERSFEES



Die hoogtepunt van Jasmyn se jaar was vir seker die bou en versiering van die gemmerkoekhuisies. Daar is vir elke lid ‘n “DIY kit” bestel en Susan Marais en Minette van Heerden (van Jane of all Trades) het kom wys hoe die huisies gebou en versier word.

Baie huisies sou beslis nie die wolf se geblaas deurstaan het nie, maar dié wie se mure inmekaar getuimel het, het ons weer herbou en aan die einde van die dag het elke huisie vas gestaan en die varkies sou beslis veilig gewees het.

Na die bouery afgehandel is het die heel lekkerste deel begin - die versiering. Natuurlik was die huisies nie vir die varkies nie maar vir Kersfees en daar moes sneeu en kersbome bykom. Elke Ouma het gesorg dat haar kleinkind hierdie gemmerhuisie vir altyd sal onthou.

Die eindproduk was die mooiste huisies wat met sneeu bedek was en Smarties en Jelly tots het as blommetjies in die tuine gepronk.

Agterna moes ons hoor dat baie van die gemmerhuisies toe nie Kersfees gehaal of eers ‘n kleinkind gesien het nie want baie van die Oumas het dit glo al begin eet na die klas op pad huistoe !

- Myra vd Merwe, Skakelbeampte


*Rene Real*





*Charlotte vd Linde*

*Martha Visagie*





*Minette van Heerden demonstreer hoe die mure aanmekaar gesit word terwyl Ronél du Plessis en Ester vd Merwe toekyk*



*Sarie Nelson*



*Dora Dold*



*Alet Swanepoel*







*Sarina Odendaal*



*Leonie Horak*



*Mara Schoeman*



*Nina Nel bedank Minette van Heerden en Susan Marais*



*Ester vd Merwe*



*Ronél du Plessis*

# KEMPTONPARK

**BEWUSMAKING VAN VELKANKER**

In ‘n sonnige land soos Suid-Afrika moet almal bewus wees van sonskade. Nadat Marina Bessinger velkanker bo-op haar kop chirurgies laat verwyder het, voel sy haar genoop om saam met VLU Kempton Park ‘n bewusmakingsprojek oor sonskade te loods. As deel van Overvaal Presidente se projek: Bemagtig ‘n kind met basiese vaardighede, nader sy Olivia Curlewis van KANSA vir hul Sonslim-pamflette en sy stel die volledige ABC van Sonslim saam. KANSA gee hul goedkeuring. Die dames hekel miniatuur sonhoedjies om as borsspeldjies gedra te word. Sodoende wys kinders dit en vertel hulle aan ander wat die simbool van die hoedjie is. Dit word aan graad 3 leerders by Laerskool Kruinsig, tesame met die boekmerk: Die ABC van Sonslim *(sien p33)* oorhandig.

- Marina Bessinger, Skakelbeampte





*Marié Clarke & Lulu Pieterse: Met kostes wat die hoogte inskiet, raak hierdie tak nie moedeloos en benoud nie - hulle maak ‘n plan, want ‘n vrou kan. Toe die skoonmaker R200 vra vir die opwas van die teekoppies, besluit hulle “Watwo, nooit” en besluit elke dame bring haar eie ‘teegerei’ saam en doen die opwas tuis. (Sommer nog ‘n spiksplinternuwe woord daarby)*




*Hendrien Olivier, Alta Grobler, Marina Bessinger en Marié Clarke (agter), met die hoedjies op hul koppe, haal darem die Saterdag Beeld. Bo is voorbeelde van die miniatuur sonhoedjies*



Kuier, tuisgebakte koekies en bemoediging van die pasiënte en verpleegpersoneel by Marmanet Aftreeoord se siekeboeg is met vreugde begroet. *Hierbo is Rina, “Nurse” Lizzy, ‘n inwoner, Hendrien & Marié.*



*Hendrien Olivier, Marié Clarke & Rina Grobler*

NUWE LEIERSKAP:

Marié Clarke en Rina Grobler sluit in 2021 by Kempton Parktak aan. Nuut in die VLU en nuut in die tak maar wat ‘n heuglike dag! Sommer dadelik begin die twee sprankelende dames vlytig werk en neem deel aan amper elke kompetisie. Hulle doodkry is min! Nou is Marié Clarke tot voorsitter verkies en Rina Grobler tot visevoorsitter. Marié is ook visevoorsitter van Goudrifstreek. Welgedaan! Ons is trots op julle. Hendrien Olivier sluit vroeg 2023 aan en word tot sekretaresse vir 2024 verkies.

## 92-YEAR-OLD WOMAN IS THE WORLD'S LONGEST WORKING MODEL



In an industry that so often focuses on youth, **Carmen Dell'Orefice** is an inspirational figure. At 92 years old, she is considered the oldest working model. While Hong Kong-based model **Alice Pang** is a couple of years older at 96, Dell'Orefice is unique because her career did not begin in her 90s or even middle age. Amazingly, she has been modelling since she was 15, boasting an impressive career that spans 77 years.

Originally from New York City, Dell'Orefice was discovered at 13 while riding the bus. Her first photos did not turn out as expected, but two years later, she caught her break when she was brought to *Vogue* magazine and signed her first modelling contract. This sparked what would be a prolific and lengthy modelling journey. But it was not always an easy one. At first, Dell'Orefice did not make enough money through modelling to support herself, so she and her mother worked as seamstresses on the side. Dell'Orefice even roller-skated to her modelling gigs so she would not have to pay bus fares. Her hard work paid off and she eventually appeared on *Vogue* covers and worked in *Vanity Fair* campaigns, among other bookings.

Dell'Orefice took a break from modelling after marrying, but eventually returned to work in 1978 due to financial straits. She was 47 years old at the time, and it was then that her career really began to blossom. Since then, she has continued working hard, booking both catwalks and advertising campaigns.

In 2022, the 91-year-old bared herself in a photoshoot for *New You* magazine. At 92, Dell'Orefice appeared on the cover of *Vogue* Czechoslovakia. "Men and women should care for themselves and love themselves. One of the secrets to maintaining beauty is doing what you do for a baby, nurturing and feeding the baby with love," she said. "That's what we should do with ourselves: nurture ourselves, love ourselves, and give that kind of energy to ourselves."

- By Margherita Cole, January 11, 2024, My Modern Met








## 96-YEAR-OLD ALICE PANG - THE WORLD'S OLDEST WORKING MODEL



Most female fashion models start their careers in their late teens and retire in their early 30's, but 96-year-old Alice Pang is not your ordinary fashion model. She started modelling at 93, so you could say she's still a beginner.

A resident of Hong Kong, Alice always liked dressing well and looking elegant, but never actually considered a career in modelling. But her granddaughter always thought she had it in her, so when she saw an online ad for senior models of 65, she sent in Alice's pictures and she was chosen for a photo shoot. Never one to back away from a challenge, Pang decided to give it a shot and even though she knew nothng about modelling, she had all the natural qualities to succeed at it. Today, she is recognized as one of the best senior models in Asia, as well as the oldest.

"My granddaughter saw they were hiring senior models over 65 years old and she sent my photos and it turned out they liked me," Alice said in an interview with YiTiao. "I did not know how to model at first so my manager taught me a lot and those girls help me with my makeup. I gradually developed an interest in modelling and got better at it."

"I entered the industry when I was 93 and this is my third year working as a model," the nonagenarian added. "I've shot a few commercials, cosmetics, camera and trade development. It feels great to be admired."

Born in 1923, Alice never dreamed she would one day be modelling for high-end fashion brands like Gucci, Ellery or Valentino, let alone at age 96. But her fair complexion and excellent posture – uncommon qualities for people her age – make her one of the most sought-after senior models in the business.

Surprisingly, Alice doesn't credit exercise or a strict diet for her enviable figure and posture. Even though she agrees that exercise helps some people stay in good shape, she doesn't even have a morning exercise routine, crediting her good genes instead.

"My skin tone is ivory because I'm seldom exposed to the sun and I have straight back," Alice said. "Exercise is definitely good for you and many would do morning exercise but I don't do that. It's just natural."



While most people commend her for her active lifestyle and the courage to start a whole new career in her nineties, Alice Pang is not without her critics, most of whom say that she should dress and act according to her age. She chooses to ignore them, though, saying that her personal happiness is all that counts.










## RENSBURG

Daar is 13 dames wat deel vorm van die Our Darling-projek waar hulle handgemaakte artikels maak en verkoop om 2024 se uitgawes soos ledegeld en konferensie / kongres te dek. Verkope was by die Carnival Market op twee geleenthede. Almal het hard gewerk om hulle produkte gereed te kry en te verpak betyds vir die begin van die mark. Dan natuurlik die daaglikse afwagting om die verkope dop te hou en weekliks die aanvullings vir tekorte te doen. Harde werk is beloon en almal sien kans om weer deel te neem.

- Elmarie Eygelaar, Skakelbeampte



*<u>Bo:</u> Helpende Hand Heidelberg het 'n modeparade by die Hoër Volkskool Heidelberg aangebied en ons tak het die poedingtafel beman. Daar was groot lof en dank vir ons ondersteuning gebring. Penny Bamine, Anet Hammond, Lauretta Ninzi, Martie Halgryn, Anette Steyn, Geraldene Janck en Marty Jerling.*

**WENKE VIR DIE KOMBUIS:-**

- 'n Manier om jou yskas skoon te maak sonder dat die vloere nat word: Skakel die yskas af, gooi fyn sout teen die ys en hou die deure oop. 'n Uur later kan jy die ys met 'n eierspaan (egg lifter) optel. Dit werk soos 'n bom.
- 'n Halwe teelepel asyn in olie verhoed dat vleis wat in eier en meel gerol is, loskom en nie in die pan waarin dit gebak word vassit nie.
- Om afval gou sag te kry, gooi een pakkie kitsgis (yeast) oor. Dit kook gou sag en jy proe nie die kitsgis nie.

.- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte



## NAGUILE

**NAGUILE se GOUE OUES**:

Ons oudste lid, Tannie **Cora Marais**, is nou al 92 jaar oud en het al meer as 48 jaar diens, sy probeer nog haar bes om so veel moontlik vergaderings by te woon en haar dogter Estelle bring haar gereeld saam. Sy het gedurende haar jong dae baie eerste plekke by kongresse behaal en sy was 'n staatmaker oor al die jare. Sy het haar kennis uitgedeel om die lede sterker te maak en daarmee ook die Naguiletak.

Tannie **Phyllis Collitt** *(foto links)* laat haar nie onderkry deur haar verswakte oë nie selfs al moet sy aktief bly met vergrootglas in die hand. Sy neem deel aan werkswinkels, woon vergaderings by en gaan ook saam op uitstappies. Voorwaar 'n inspirasie vir die ander lede in haar tak.

- Elize Coetzee, Voorsitter

# GOEIE HOOP





Ons jaarlikse afsluiting val saam met die beoordeling van meeste van ons kongres- en konferensie-items. Elize van Biljon verrig die reuse taak en word vergesél deur Elmari Eygelaar wat haar eksamens suksesvol afgelê het en nou moet "oefen". Elize Coetzee, (streekvoorsitter) oorsien die verkiesing, Lizette Pretorius praat met die dames oor "Lewe in Volkleur", ons ruil geskenkies uit en dan begin die groot kuier met koffie en eetgoed.

*Staande:* Ina Rosslee, Leoni Jacobs, Bets Grobler, Lizette Pretorius, Lita Venter, Elize Coetzee, Lorraine Prinsloo en Marie Rosslee.
*Voor:* Carine Rosslee, Elmarie Eygelaar en Elize van Biljon

*Onder:* 'n Verrassingstee om Bets se 60ste verjaarsdag op die plaas te vier, bring ons by 'n prentjiemooi versierde "gazebo" met die heerlikste eetgoed en vonkelwyn.

*Lydia Rice, Lorraine Prinsloo, Marie Rosslee,* ***Bets Grobler, die verjaarsdagvrou,*** *en Lizette Pretorius*



- Lizette Pretorius, Skakelbeampte





*Vier vriendinne het gedurende die Desembervakansie op die MSC Splendida gevaar. Daar is daagliks "Arts en Crafts" op die program maar slegs 25 mense kan die klas bywoon. Na vele probeerslae en 2 ure vroeg, kon ons darem die origami-klas bywoon en het dit baie geniet. Lizette Pretorius bo, Saskia Olivier & Marie Rosslee*

## BRACKENHURST



Ons tak raak opgewonde oor Kersfees wat voorlê en vervroeg dit sommer en maak dit ons jaarafsluitingstema wat toe 'n kerspartytjie vroeg in November word. Gedurende die jaar moes almal 'n handgemaakte geskenk maak wat dan onder die lede uitgeruil word. Sodoende was almal besig met brei, hekel, kunsvlyt, bak en vele meer om te verseker dat hul geskenk gereed en uniek is vir ons kersparty. Elke lid moes ook 'n bord eetgoed bring en vele lekker en interessante borde is opgelewer. Met klavierbegeleiding deur Barbara Steenkamp, is pragtige kersliedere gesing en 'n gepaste vers vir elke lied, uit die Bybel voorgelees. 'n Heerlike samesyn en afsluiting!

- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte

**WIL JY GLO...**



Prof. Chris Barnard se jongste pasiënt, Eileen Smit was slegs sewe jaar oud toe sy 'n groot operasie ondergaan het. As vroeggebore baba met 'n hartprobleem, was sy piepklein en swak en was deur haar ouers en sibbe rondgedra of sy het gekruip waar sy wou wees. Haar ouers het haar na Prof. Chris Barnard geneem maar hy het aanbeveel dat sy eers sterker moet word voor enige opehartoperasie gedoen kon word.



In haar eie woorde vertel sy: "Ek was sewe jaar oud toe die operasie gedoen is. Hy het my hart uitgehaal, dit gevries en toe daaraan gewerk. Ander komplikasies het uiteindelik gelei tot vier ander hartdefekte wat ook herstel is." Daarna was sy baie lank in die hospitaal en in 'n tipe "sak" gehou om kieme weg te hou en infeksies te verhoed. Na die operasie het Prof. Barnard haar ouers meegedeel dat hy alles menslik moontlik gedoen het, maar dat sy nooit sal kan loop of lank sal leef nie, moontlik net tot die ouderdom van16 jaar.

Maar wonder bo wonder met God se genade het Eileen leer loop en het pas haar 70ste verjaarsdag gevier. Sy sê ook dat 'n hartchirurg later nie eens kon sien dat sy ooit so 'n groot operasie gehad het nie!

**IN MY BUURT: ALBERTON**

Ek het hier afgekom op jong man in 'n park wat plantjies verkoop en 'n lewe probeer maak. Met die dat ons gereeld vir hom iets te ete vat, het geselsies gevolg en hy het sy storie aan my vertel.



Hy is ALAN KRUGER (32) wat sy moeder in sy kleuterjare verloor het (praat nie van 'n pa nie, dus vra ek nie). Hy het in die Kaapprovinsie groot geword en later by verkeerde vriende en dinge betrokke geraak. Hy het in Gauteng opgeland en as dwelmverslaafde op straat gebly, totdat hy gaan hulp soek het by Bridge kerk. Een van die pastore het hom laat opneem in 'n rehabilitasiesentrum vir dwelmverslaafdes in Kenmare, Krugersdorp.

Daar het hy besef dat met die Here se hulp en eie wilskrag, hy sy dwelmafhanklikheid kan oorkom en verlaat die sentrum. Nou is hy nog steeds werkloos en uitgelewer aan 'n straatlewe wat hom na die park dryf waar hy met plantjies wat hy van oral kry, smous. Die plantjies verkoop hy teen R10 elk en daaruit probeer hy lewe asook geld spaar vir 'n straatsmouslisensie. Behalwe plantjies, kos, klere, ens. skenk iemand toe ook 'n tent aan hom wat dien as skuiling en slaapplek.

Onvoorsiene probleme kelder sy planne toe Ekurhuleni Metro Polisie al sy plantjies asook die tent konfiskeer omdat hy nie 'n handelslisensie het nie. Die koste om sy goed terug te kry is te duur en dit sal in elk geval weer gekonfiskeer word as hy nie die nodige handelslisensie bekom nie.

Deur middel van "Facebook" en ander media het ons hom op die dorp bekend gemaak sodat hy die nodige ondersteuning en finansiële hulp kon kry om wettiglik te kan handel dryf. Sodoende kan hy weer sy voete vind en 'n onafhanklike lid van die gemeenskap word. Hy kry nou gereeld kos en vele skenkings van plantjies en potjies vir die plant van steggies. As jy vir hom iets gee, wil hy jou altyd vergoed met 'n plantjie uit sy versameling. Iets besonders wat hy gedoen het is om 'n kruis op die sypaadjie uit te spit, met stene en klippe 'n rand te bou en plantjies daarin te plant. In sy eie woorde: "Tannie, ek het altyd Kersfees gevier, maar hierdie jaar vier ek die eerste maal Jesus se verjaardag".

Tans bly en slaap hy steeds in die park op 'n bank met beddegoed en 'n seil bo-oor wat ons geskenk het en sê hy voel veilig, en slaap warm en droog. Voorwaar iemand wat hard probeer om op te staan maar nou is dit wetgewing en hul amptenare wat hom elke keer platslaan.

Ons glo en vertrou dat hy met hulp van ons almal in die omgewing, spoedig en wettig sal kan handel dryf en 'n nuwe beter lewe kan begin.

- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte, Brackenhursttak

## VISARENDE

Hoekom kom die Visarende-dames so goed oor die weg?

As ek dink aan ons laaste vergadering kan ek sommer so uit die vuis sê dat ons klomp beslis uiteenlopende geaardhede het. Ons is almal op verskillende stadiums van ons lewensreise. Elkeen het haar eie voorkeure van wat belangrik is vir haar. Elkeen het haar eie mense, hetsy dit in haar familie of vriendekring is. Ons gaan almal na verskillende kerke, en het verskillende style, verskillende maniere van dinge doen.

Om 'n klomp vroue so bymekaar te sit kan chaos veroorsaak. Maar hier by die Visarende is orde. Orde in terme van hoe ons dinge doen, hoe ons mekaar respekteer en hanteer, hoe ons elke tree van ons VLU pad saam gee. Orde is baie belangrik, en ons het die fyn balans gevind om met mekaar oor die weg te kom.

Wedersydse respek vorm 'n groot deel van ons band. Ons deel in mekaar se lief en leed. Ons is saam bly oor die geboorte van nuwe babas, verkyk ons na foto's wat gedeel word. Ons vier saam die lewe, of dit nou verlowings, of troues is, van doop tot goeie rapporte deel ons in die blydskap. Ons deel dié kwinkslae wat die kinders in ons kringe kwytraak.

Maar as dit sleg gaan is ons ook daar. Of dit nou die dood of siekte is, ons ondersteun mekaar. Ons stap saam die lang siekbed en hospitaalpad met lede wat al jare deel is van die VLU en van ons tak. Ons lig mekaar op, dra mekaar deur donker tye.

Maar een ding wat ons nooit doen nie, is om mekaar se drumpels deur te trap nie. Ons neem mekaar in ag. En weereens is die belangrikste woord hier ter sprake - respek. Wedersydse respek.

En die 'eagle girls' , soos ons na onsself verwys, het die wêreld se respek vir ons medetaklede asook vir elke ander VLU-dame wat oor ons pad kom.

- Janet Cilliers, Skakelbeampte



*<u>Bo:</u> Die Visarende se "trots" vir die jaar wat verby is, is ons visievoorsitter Almien Mahne wat 'n totaal van 385 punte in geheel by die Kongres behaal het - die derde meeste punte. Baie geluk Almien!! Hier saam met René Bredenhann*





*Amigurimi-idee...*

Die voetoorgang van St' Georgesstraat by Boulders Bridge, Simonstad, het voetgangers nou behoorlik laat heen en weer kyk voor hul kruis. Die rede... heel oulik en uniek is die nuwe pikkewynkruising wat nou reg langs die zebrastreepkruising aangebring is.

Die Afrika-pikkewyne wat staan, duik en swem is deur kunstenaar Jacques Coetzer geverf en word ondersteun deur die stad Kaapstad ter bevordering van toerisme.

Die pikkewyne is baie bekend en geliefd aan dié deel van Simonstad se kusgebied



.- Hannetjie Nolte, Goue Suide streekskakelbeampte

## SUIKERBOS

Ons tak bederf kinders met een van ons liefdadigheidsprojekte en besoek "Sedibeng Childrens Haven" .Vier en twintig kinders ontvang elk 'n paar sandale en 'n handoek. Ons voorsitter, Elize van Biljon het al 24 kinders se name op die handdoeke geborduur. Hulle was ongelooflik trots om ‘n handdoek, geborduur met hulle eie naam op, te kry en met die mooi nuwe sandale het hulle almal gepronk. Dit was ‘n streekprojek. Die jaareindfunksie by AT MY TABLE met geskenkies uitruil en ‘n feestelike tyd saam spandeer, was die kroon op ‘n goeie jaar.

- Linnette Badenhorst, Skakelbeampte








*Regs: Ons maak die kleingoed goed groot as toekomstige VLU-lede. Om die tafel is Corlien Randles, Theuns & Cayla Randles, Rina Uys en Marie Prinz tydens die jaareindfunksie by AT MY TABLE.*



*LInks: Susan Malan; Annemarie du Toit, Mariana Conlong, Annie vd Merwe, Leana van Graan, Daleen Erasmus, Liz Bosman, Mercia Swarts, Elize van Biljon (voorsitter) en Marie Prinz.*

**KUNSMATIGE INTELLIGENSIE**

Beurtkrag, korrupsie, alliansies, Nkandla, Phala Phala is alles name wat ek nie geken en iets van geweet het nie. Nog minder het ek geweet daar bestaan iets soos kunsmatige intelligensie.

Kunsmatige Intelligensie (K I) is reeds al jare gelede beplan en ontwerp en baie van ons gebruik dit amper elke dag wetend of onwetend. GOOGLE en GOOGLE maps is ook kunsmatige intelligensie.

Groot kommer heers onder musikante, tersiêre instellings en skole oor die gebruik van K I, want die egtheid van tesisse, musiekstukke, liedjies en skoliere se werkstukke is baie moeilik om te bepaal.

Volgens die HAT beteken kunsmatig dat dit nie volgens die natuur is nie. Dus is dit nagemaak en nie eg nie.

Al kan mens enige vraag vra en al blyk dit dat K I die antwoord en oplossing is vir baie vraagstukke, moet ons ook onthou dat al die antwoorde van K I deur mense geprogrammeer is en dan wonder ek of K I regtig so ‘n groot deurbraak is, want mense se opinies verskil.

As ek dink aan die woord kunsmatig, dan dink ek aan kunsmatige versoeters, vals, lang wimpers, aangepleisterde grimering en plastiese blomme – nie eers te praat van kunsmatige vriendinne nie.

Kom ons wees wie ons is sonder om voor te gee. “Be true to yourself”.

- Cornel Rothman, Skakelbeampte, Bapsfonteintak

**LION BRIDGE / LEEUBRUG**



Many people pass Lion Bridge in Helen Joseph Street (previously Church street) without realizing that it is a national monument.

Before bridges were built, people made use of drifts to cross rivers with livestock and wagons. For years the Department of Public Works would build, maintain and improve drifts. These crossings remained dangerous and even caused deaths. After a flood, travellers had to wait for the river to normalize again.

The Dutch architect Sytzke Wopke Wierda, was given the task to design two bridges crossing the Apies River. The Arcadia Bridge was completed in October 1888.

Wierda had only been in Pretoria for a few days when he designed the bridges and did not realize the severity of the seasonal Apies River flood of the time. The Arcadia Bridge was consequently damaged by floodwater in October 1890 due to its small size and lack of experience at the time it was designed. Demolition of the bridge started two years later and drawings of the new bridge were submitted in 1893.




Kirkness, whose brickworks were situated next to the Fountain Circle, was again appointed as the contractor in August 1893 and the new Lion Bridge, which replaced Arcadia Bridge, was completed on 22 June 1894.

Sammy Marks heard of the earlier lion hunts that occurred regularly in the vicinity of Meintjes Drift and ordered four bronze lions from Scotland to be placed at the corners of the new bridge - hence the name Lion Bridge. It was upgraded in 1910 by Rainer & Thomson, when the wooden deck was replaced by a macadamized surface and sidewalks were added.

The first photo of the bridge is from the 1890's, while the second is looking west towards Church Square and dates back to 1901. The last is a more recent photo of the bridge.  The bridge was declared a national monument on 31 December 1981.
- Friends of Tshwane Heritage Research Centre



## DE NUIT

**'n SPESIALE MYLPAAL vir De Nuit.**

Op 8 Februarie funksioneer ons reeds 25 jaar. Informeel is ons leuse **"Minder stres en meer plesier".** Dit is wat ons nastreef as 'n Saterdag-tak.

Teen die einde van 2023 het vier lede spesiale erkenning en trofees ontvang.

- Uitreiktoekenning: Ronel Newman, wat spesiaal en deurlopend namens die tak aflewerings aan Tshwane Uitreikaksie in Wolmer doen.
- Positiewe deelname aan kompetisie-items: Kobie du Toit, met waagmoed vir alles.
- Lojaliteit aan die tak: Daleen Oosthuizen, ons stigterslid.
- Besondere entoesiasme: Ada Bester, met 40 jaar lidmaatskap in 2024.

VLU is 'n spanaktiwiteit en al die lede saam dra by tot die lekkerte. Ons sien uit na 'n 2024 vol plesier en ontwikkelingsgeleenthede.

- Nelie Viljoen-Toet, voorsitter/skakelbeampte.
vludenuit@gmail.com






*<u>Regs:</u> Nelie deel toekennings in volgorde uit: Ronel Newman, Kobie du Toit, Daleen Oosthuizen & Ada Bester*

## AVANTé


**VLAMROOI SKENK VIR GROOT FM!**

Augustus 2023 het Groot FM die projek LOSITBETER geloods om onder andere sanitêreware vir behoeftige vroue in te samel. Diana Keulder, takvoorsitter en ook Overvaal-skakelbeampte het 258 pakkies aan GROOT FM oorhandig. Dit was skenkings van VLU-takke en GROOT FM skenk dit aan ARC, 'n veilige hawe vir vroue wat dikwels deur die samelewing afgewys word.

Baie dankie aan almal vir die skenkings deur die jaar!




*Anneliese Bouwer, Diana Keulder en Sonet Stoffberg*




**PROBEER GERUS DIE TOEPASSING (APP) 'WAZE'!**

Al ooit gewonder hoe die toestand van die pad is wat jy moet ry?

My vriendin het my vertel van die oulike en gratistoepassing (App) vir my foon nl. 'Waze'!

As jy in die toepassing(App) ingaan, kan jy sommer vooruit kyk hoeveel slaggate aangemeld is op die pad wat jy beplan om te ry. Terwyl jy rustig ry waarsku 'n damesstem jou dat daar oor 500m 'n nuwe slaggat aangemeld is.

Nou is daar sommer iets vir die "backseat drivers" om hulle mee besig te hou terwyl jy rustig kan bestuur. Probeer gerus die toepassing (App) want daar is nog meer voordele. Veilig reis in 2024!

- Angelene Flemming, Skakelbeampte

## DE WILDT REIS ...

'n Ongelooflike en unieke jaareindfunksie en bestuursverkiesing met 'n reis deur China, Egipte, en Spanje - sonder dat ons 'n enkele stap buite ons vergaderplek gesit het. Dit was 'n kultuurfees vol heerlike kos, van voor-, hoof- tot nagereg en 'n ontdekking van nuwe inligting. Elke span het op 'n betekenisvolle wyse 'n kykie in die kultuur en geskiedenis van hierdie lande gebied.

'n Hoogtepunt van die oggend was die ritmiese en betowerende dans op 'Walk like an Egyptian". Dit was die perfekte afsluiting van 'n oggend vol avontuur en kulturele uitruil.

De Wildttak se jeugdige gees van avontuur en nuuskierigheid is aansteeklik! Dit is die bydraes en entoesiasme van elke lid wat hierdie funksie onvergeetlik gemaak het!

- Lilian Bierman, Skakelbeampte



*Links sittend:* Trysie Coetzee, Toy Coetzer, Patrina van Niekerk & Mariette de Wet

*Agter:* Carlien Retief, Marie Coetzer,, Mariëtte Naude & Rita Fourie



*Regs sittend:* Patricia van Niekerk, Marinda Burger, Lizzy Jacobs & Elma Human

*Staande:* iemand wat wegkruipertjie speel, Juliette Claasen, Sanet Hills, Lize Venter, Martie Marx & Mary Anne du Preez



*Links:* Elmarie Gous, Zelda Stroebel, Bets Lourens, Anneke de Kock, Marianne Dirker, Lilian Bierman & Elsabé Louwrens

## MAGALIESKRUIN

### 'N BESONDERE FAMILIEVAKANSIE

Soveel van ons het kinders en kleinkinders oorsee, ons raak gewoond daaraan maar die verlange gaan nooit weg nie, veral na die kleintjies en ons het baie min aan hulle grootword en oulikheid.

In Februarie verlede jaar besluit my oudste kleindogter in Kanada dat haar kinders oud genoeg is dat hulle 'n stukkie van haar "moederland' kan leer ken en hulle sal as familie Kaap toe gaan. Haar sus in Australië besluit dan kom hulle ook, die twee gesinne kan lekker saam kuier. Hul ouers, ook in Kanada, dink dis 'n goeie idee en hulle koop ook vlugkaartjies. My seun wat al 40 jaar in Engeland woon laat nie gras onder sy voete groei nie en organiseer sy hele familie om ook Desember in die Kaap vakansie te hou.

Al wat nog kortkom is ek, die 2 Pretorianers en die 3 Bloemfonteiners, maar hier is werkendes wat nog nie weet wanneer hul verlof kan kry nie. Uiteindelik word ons vliegtuigkaartjies gekoop, die Vrystaters sal met hul motor ry. Die buitelanders huur twee huise in Hermanus en een in Onrus, feitlik langs my dogter Maryna se huis. Die groot kuier is reg om te begin! Die kinders is goeie organiseerders en hulle werk 'n mooi tydskedule uit van watter dag, waar en hoe vroeg of laat die gesamentlike kuiers plaasvind. Tussenin kies elke gesin wanneer hulle in die see gaan swem, wat hulle nog gaan doen en waarheen hulle gaan ry. Drie neefs en niggies van so ver as die Oranjerivier kom ook vir hul verlore familie kuier.

Ek leer ken agterkleinkinders wat ek 4 en 5 jaar gelede laas gesien het en besef hoe geseënd en bevoorreg ek is om almal gelyktydig om my te hê, die heel kleines is in die begin maar bra sku die oueres gesels spontaan en ek geniet hulle stories van hul skool, sport en ander dinge. Ek besef dat ek baie liewe kleinkinders het, hul mans en "aanhangsels" is almal oulike, standvastige mense en dat dit met my mense daar doer in die verre vreemde goed gaan.

Hierdie kuier van 10 dae van almal saam wat ek myne kan noem uit 4 kontinente, was 'n ongelooflike voorreg. Ons was 24 altesaam, al 4 my kinders, al 6 my kleinkinders en al 6 my agterkleinkinders en natuurlik ook almal se aanhangsels tegelyk byeen. Ek sal hierdie wonderlike geleentheid altyd koester as buitegewoon spesiaal.

- Miemie Matthée, Magalieskruintak

### JAARKOEBAAI MET BRAAIVLEIS EN SLAAI...

En toe is dit weer daardie tyd van die jaar. Die een afsluiting na die ander, en mens wonder, waar het die jaar heen gevlieg? Daar's nog so baie om te doen!

Die tak se afsluiting is op Marietjie en Mike Furstenberg se kleinhoewe gehou. Hondjies wat groet en bekende gesigte wat orals op stoele rondsit en gesels, soos net ons "girls" kan. Die klompie mans kuier gelukkig ook lekker saam. Heerlik onder die bome met gras onder ons voete raak dit 'n luilekker niksdoen-oggend. En ons kuier, so amper asof ons mekaar laaaanklaas gesien het!

Nadat al die formaliteite afgehandel is en al die nodige bedankings gedoen is word die vuur aangesteek en elkeen is gretig om 'n plekkie om die vuur te kry, die honger begin nou lol! Pap, sous en slaaie roep van binne af.

En wie braai? Ons "girls" natuurlik, hier en daar 'n man wat moes bontstaan om nie af te steek by die VLU-dames nie. Weereens net bewys, met 'n vrou se hande is daar niks verkeerd nie. Dan is daar Suzie. Sy is 'n "*force to be reckoned with"*. Sy kan darem 'n vleisie mooi op sy plek sit - hy praat liewer nie terug nie.

In 'n oogwink is almal se magies vol en 'n luilekker kuieroggend staan veels te vinnig einde se kant toe. Een vir een begin almal mekaar 'n geseënde feesgety toewens. Sommige het die vooruitsig van 'n heerlike vakansie wat voorlê en ander ry met Jan Tuisbly se karretjie maar almal is dit eens – nog 'n suksesvolle jaar is agter die rug. Nuwe dinge is geleer en nuwe plekke is besoek. Met 'n lied in die hart groet ons tot 'n volgende keer.

- Celeste Bezuidenhout, Skakelbeampte





## YSLAND

Baie mense het die voorreg om soms oorsee te kuier, maar min van ons sal Ysland as 'n bestemming kies. Een van ons lede, Des en haar man Dirk, het dit gedoen en nogal in die middel van die winter. Ysland is 'n vulkaniese eiland in die Noordsee tussen Noorweë, Groenland en Engeland en is amper in die Arktiese sirkel. Die Vikings het die eiland in die 9de eeu ontdek en hulle daar gevestig.

Die eiland is baie onherbergsaam met baie riviere, berge, gletsers en meer as 'n 1000 watervalle met 'n woeste, pragtige natuurskoon. Dit word die land van ys en vuur genoem. Krag is baie goedkoop en selfs gratis in Ysland want dis hoofsaaklik hidro-elektriese of geothermiese aanlegte. Dit is ongeveer so groot soos die Vrystaat, die hoofstad is Reykjavik waar die meeste inwoners woon. Al om die kus is daar klein dorpies wat met 'n ringpad verbind en hoofsaaklik van die visbedryf afhanklik is.



Ysland is een van die wêreld se ylsbevolkte lande, 385 000 inwoners, ongeveer 30 mense per vierkante kilometer. Daar is nie 'n weermag nie en is een van die eerste lande wat 'n demokratiese, onafhanklike parlement gekry het. Hulle praat Yslandies, vergelykbaar met Skandinawiese tale, maar almal leer Engels as 'n tweede taal. Hulle het nie vanne nie, maar 'n seun se van sal sy pa se naam met "son" as die laaste gedeelte kry, bv Johannesson. Die dogter - "dotter" - se van sal dan Johannesdotter wees. Die meeste mense behoort aan die Lutherse Kerk maar die kerk word meer benut vir troues en begrafnisse as vir Sondae se kerkdienste.

Ysland is koud, baie koud vanweë sy verre noordelike ligging, maar die baie geysers, vulkane en warmbronne maak 'n groot verskil. Die dag- en nagtemperature verskil nie veel nie. Die eiland voorsien genoeg bees-, skaap-, vark-, en hoendervleis, eiers en melk vir eie gebruik en 'n verskeidenheid groente- en slaaisoorte word in glashuise verbou. Vis is volop. Behalwe vir veeboerdery word net hooi gemaak vir veevoer op die grond wat wel bewerk kan word. Daar is 'n baie eksklusiewe perderas in Ysland en geen perde word ooit ingevoer nie. Dis pragtige langhaar stewige perde, net groter as ponies.



Ysland se inkomste word verkry van die groot aanlegte wat ingevoerde aluminiumerts smelt en verwerk en dan uitvoer as verwerkte aluminiumprodukte. Toerisme en die uitvoer van verwerkte visprodukte is ook baie goeie bronne van inkomste.

Die Noorderligte, ook bekend as die Aurora Borialis is een van die groot aantrekkingskragte vir toeriste in die winter met die skouspelagtige vertonings. In die winter beweeg die son laag om die horison, kom laat soggens op en is vroeg middag weer onder - lang, koue, donker dae. In die somer gaan die son kwalik onder, baie lang ure sonskyn en lig.

Daar is gedurig aardbewings en behalwe gedurende vulkaniese uitbarstings, is die lug van die skoonste ter wêreld. Daar is nie industrieë wat die lug besoedel nie en hulle het skoon energie. Geen mynbouaktiwiteite vind in Ysland plaas nie. Hulle is baie gesteld daarop om hul land skoon en onbesoedeld te bewaar.

Des en Dirk het saam met ander toeriste gewag dat 'n geyser moet uitspuit en hulle is beloon met 'n pragtige fontein van kokende water wat 30 meter hoog in die lug gespuit is. Wat 'n ongelooflike gesig! Hulle het ook 'n staptog in 'n ondergrondse gletsertonnel aangedurf, dit lyk nogal spookagtig. Hulle het saam met vele toeriste in die Blue Lagoon met sy turkoois water geswem, die stoom styg so tussen hulle op. Die vulkane en lawa verander die landskap. Die strand se sand is pikswart en die sout is ook swart. Hulle het bygestaan toe 'n pot met brooddeeg net onder die grondoppervlak begrawe is en die kokende, borrelende ondergrondse water die brood gaarmaak. 'n Pragtige bruin potbrood is die resultaat. Hulle het 'n motor gehuur en met die Goue Ringpad na die naburige vissersdorpies gery om die vreemde natuurskoon te bewonder.





Toeriste se veiligheid is onder alle omstandighede baie belangrik vir die Yslanders en is dan ook een van die veiligste plekke in die wêreld.

- Miemie Matthée, Magalieskruintak



## MIDSTREAM

Riana Durr vertel met die tak se opedag hoe hulle gesin se hele lewensverhaal herskryf moes word toe dokters hulle meedeel dat hul twee pragtige gesonde jong kinders kort na mekaar gediagnoseer is met **Freidreich ataxia**, 'n uiters skaars genetiese degeneratiewe siekte.

Hulle het herskryf en Leila was in 2022 Rapport se Matriekafskeidkompetisiewenner. Sy matrukileer by Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria asook haar dienshond Sakhura. Sakhura,'n "seuntjie", was die heel eerste Affie-blaffie wat gematrikuleer het!

Simon is in Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria en sy dienshond is Vespa, 'n "dogtertjie". Foto van Leila en Simon met dienshonde geleen. Gaan lees gerus meer oor hierdie vernietigende siekte.



Die verhoog was vol hondjies van die Suid Afrikaanse Gidshondvereniging wat in opleiding is. Ons leer daar is 'n gidshond, werkershond en 'n dienshond. Pieter Van Niekerk en Alicia Joubert deel met ons hoe hierdie pragtige diere opgelei word om persone met enige gestremdheid te help. Leila se Sakhura se opleier was ook daar en die weersiens was groot. Gaan leer meer oor die **South African Guide-Dogs Association for the Blind.**

- Carol Marais, Voorsitter








*<u>Voor:</u> Dr Bettie Boshoff (kompetisiesameroeper, Jakarandastreek), Ansie Kruger (addissionele lid), Sonja Swart (sekretaresse), Carol Marais (voorsitter en visevoorsitter, Jakarandastreek), Cathy Smit, Mbone Midzi.*

*<u>Agter:</u> Isabe Loubser (tesourier), Rienta le Roux, Mariëtte Bester (kompetisiesameroeper), Christa Kotze en Marietjie Barnard..*

*Hulle het by herskryf jou verhaal begin en is nou by*

***Leef in Volkleur***

## PRETORIA-NOORD



Hester Botha
Voorsitter



Bokkie Pretorius
Vise-Voorsitter en Kompetisies



Annette Bester
Tesourier



Daleen van den Berg
Omgewingsbewustheid en Hulp-Tesourier



Luna Schoeman
Sekretaresse



Wilma Brink
Hulp-Sekretaresse



Francine Bekker
Vandag se Vrou



Hendrinie Huisman
Gemeenskapsbewustheid



Christine Pretorius
Kuns en Geskiedenis




Leonie Gilliland
Kreatiewe en Produktiewe Vaardigheid



Ronél Lubbe
Skakelbeampte



Ons het 'n nuwe lid verwelkom: **ELIZE VILJOEN**

Geboorteplek: Pretoria

Mamma van 5 seuns, Ouma van 13 kleinkinders.

Elize hou van lekker kookkos en groente.

Haar gunstelingkleur is pers.

Sy maak klere, masjienborduurwerk, hekel en brei.

Sy het ook aan die Suikergilde behoort.

Sy het haar finale klaviereksamens by UP voltooi en was ook hulp-orrelis in Mokopane.

- 'n Dame van vele talente!

## SINTANA

**NUWE SEISOEN VIR SINTANATAK**

Sintanatak is op 13 Junie 1967 gestig. Marleen Büre was die afgelope 32 jaar die voorsitter van die tak en was onder andere betrokke by die stigting van Naledi- en Avantétakke. Ons groet Marleen as die voorsitter en gee haar erkenning vir die rol wat sy deur die jare in die tak gespeel het. Sy het baie vir die taklede beteken en is nog steeds 'n staatmaker as kompetisiesameroeper.

Annetjie Botha is as die nuwe voorsitter verkies en ons wens haar alle sterkte en sukses toe!

Annetjie het by 'n vriendin in De Nuittak van die VLU gehoor en nadat sy die konferensie bygewoon het, by Sintanatak aangesluit. Sy sê sy het aangesluit omdat sy vrouegeselskap baie nodig gehad het en sy wou graag van die vaardighede wat die VLU aanbied, aanleer.


Dit is Annetjie se droom om Sintanatak uit te bou en nuwe lede te werf. Dis vir haar belangrik dat elke dame spesiaal en welkom sal voel.

- Helena Greyvensteyn, Skakelbeampte.



# COLOUR ....

Whether it is used or new, there's a lot to keep in mind when buying a car. The model, year, and mileage and colour are all important factors to consider. While colour may be a superficial aspect compared to the functionality, the shade of the car is often the first thing others will notice about your vehicle - just ask anyone hailing an Uber. Visual Capitalist created a graphic based on automotive research tool "I See Cars‶ report about the most popular car colours in the U.S. in 2023, and the results go further than a simple colour choice.




Leading the pack is **white** at 26%. According to some users, this colour is favoured for keeping vehicles cooler in sunny areas, as well as needing lower maintenance when it comes to minor scratches - making them ideal for fleets. Next in the lineup is **black** at 22%, and close behind are two similar shades, **grey** and the lighter shade of **silver,** at 19% and 12% respectively. The first vibrant colour on the list is **blue** at 10%, followed by **red** at 8%.

However, while white, black, and grey shades are often preferred for practical reasons, another factor for their popularity is availability. Most car dealers only have neutral colours on hand, and requesting something different can mean a backorder, with the buyer not receiving their car for months. Many times, this results in shoppers picking whatever is readily available. The current choice of colours also speaks to the evolution of car trends. Shades like beige and gold were very popular in the late 90s and early 2000s, while they barely make up 0.6% of the car sales these days.

Altogether, neutral shades make up nearly 80% of cars on the roads today. Only time will tell if bright hues will reign at some point of the future. They would definitely bring a much needed pop of colour to many big cities. – Internet

## HEALTH & FITNESS

What happens when you are Antifragile...? Are you worried about your Physical future? (This is not a message of doom but a light reality check.)

Let's face it: after 50, staying active and healthy takes a little more effort. But it's also more important than ever! Building strength and resilience helps us keep up with grandkids, avoid injuries, and feel younger and more energetic. But who has time for endless gym sessions and complicated routines? Here's the good news: you don't need to!

**Myth #1: You need to train like a bodybuilder.**

Please forget about the hardcore stuff. Two strength training sessions per week are plenty for most of us. Think squats, lunges, rows, and presses – exercises that simultaneously work for multiple muscle groups. Please keep it simple, focused, and effective. And if you're feeling ambitious, add another session or two, but listen to your body and don't overdo it.

**Myth #2: Walking isn't enough cardio.**

Not! Regular walks are a fantastic way to boost your heart health, burn calories, and clear your head. Aim for at least 30 minutes most days of the week, and you'll be surprised at the difference it makes. There is no need for fancy equipment or expensive gym memberships – lace up your shoes and head out the door.

**Why This Approach?**

Most people aren't fitness fanatics. Bombarding them with complex routines and intense workouts is a recipe for failure. Starting with the simplest, most effective minimum is critical. It's achievable, sustainable, and lays the foundation for a stronger, healthier you.

**Myth #3: Training your lower back is risky.**

Think again! Considering all our sitting – in cars, at work, and on the couch – neglecting our lower back is a recipe for disaster. Building core strength and stability through exercises like planks, bridges, and deadlifts protects your spine and prevents injuries.

**Muscle Matters: The Fountain of Youth**

Muscle is more than just for looking good. It's the engine that keeps us moving, independent, and resilient. Witnessing firsthand the struggles of someone close to me due to years of muscle neglect has made me a firm believer in strength training. It's not just about vanity; it's about quality of life. For 99% of us, building and maintaining muscle mass is crucial. The other 1% might be those rare fitness enthusiasts who enjoy pushing their limits – and good for them! But for the rest of us, smart, sustainable strength training is the key to staying anti-fragile and thriving well into our golden years.

Remember, there is always time to start. Take small steps, prioritise consistency, and listen to your body.

You can build the strength and resilience to enjoy an active, vibrant life for years.

**Bonus Tip:** Find an activity you genuinely enjoy! Whether dancing, swimming, or joining a group fitness class, make exercise something you look forward to, not dread. Movement should be fun, not a chore. So, grab your walking shoes, put on some music, and get moving! Your future self will thank you.

- William Ainslie Biokineticist 14 Luderitz street, Wendywood, Johannesburg. 083 258 9134 bio@williamainslie.com

## KILNERPARK

Om die jaar af te skop, hou ons 'n Pannekoekbakkompetisie met 'n Kinkel. Alda (takvoorsitter) deel die lede in 3 spanne. Met elke span gereed by hulle tafels, word die reëls verduidelik. Geen resep en geen elektriese toerusting om die deeg aan te maak nie. En elke spanlid moet ten minste een pannekoek bak.

'n Geskarrel bars los om die deeg aan te maak en te begin bak. Daar word gespook om die regte hitte te kry vanaf die gasbottels. Pannekoeke word met kaneelsuiker bestrooi en opgerol. Yvonne Bekker het maalvleis en kaas saamgebring vir 'n soutvulsel.

Tutti Rudman is die beoordelaar en elke span plaas met trots 'n pannekoek op die kompetisietafel. Volledige VLU-terugvoer word gegee van elke pannekoek en Span 2 word aangewys as die wenspan.

Na almal met 'n warm koppie koffie in die hand gesmul het aan hulle span se pannekoeke, gaan ons aan met die vergadering. Dit was 'n vrolike en lekker afskop vir 2024!

- Helena Snetler.



*Bo: Yvonne Bekker aan die bak terwyl Vlooi Kroon en Anette du Toit toekyk. Coby Roberts is besig met 'n toetsproe.*



*Links:*

*Hannelie Visagie hard aan die bak terwyl Dalene Heckroodt, wat haar eerste vergadering bywoon, toekyk.*

**FROM A SEED TO A FRUIT**

One of the benefits to attend a conference is getting bags with free goodies. One of these bags contained MayFord Seed packets. Both seed packets are bee friendly and one of them need honeybees for pollination.



One of our members, Letitia Nel, promptly planted her squash seeds. It took this squash between 65-75 days to mature. The results was a beautiful healthy big orange squash This squash weighs between 1-2kg. This could not be possible without pollination taking place. Pumpkins have male and female flowers and pollination is important. The most important pollinator for all pumpkin types are honeybees and beekeepers provide this service to commercial farmers of butternut, watermelon and many more.

Spraying chemicals in your garden for pests and diseases is not always the best way to get rid of pests. The moment you spray chemicals you also kill all the beneficial insects in the garden that could help to control pests or provide pollination like honeybees and butterflies. One such an example is the well-known lady beetle. This little insect is a predator of insects like the aphid on your roses. Other examples of predators are spiders and praying mantis.

Elize Lundall-Magnuson, Liaison officer



# KLEINFONTEIN - 'N SPIK-SPLINTERNUWE TAK!

Ons blinknuwe VLU-Kleinfontein se heel eerste takvergadering is op 18 Januarie vanjaar gehou. Overvaal president, Barbara Nell en ook Pretoriastreekvoorsitter Sally Ferreira, het ons bederf met hulle teenwoordigheid en is as eregaste verwelkom.

Dames van Kleinfontein en omgewing, het saamgesit om tafels getooi in helder kleure en het geesdriftig deelgeneem aan die plak-'n-lappie-projek vir die oggend. Hulle het mekaar geïnspireer om in 'n kits die mooiste, vrolike lappiekunswerke op te tower.

Takvoorsitter Retha Coetzer en die res van die bestuur is baie opgewonde oor die aktiwiteite wat vir die jaar in die vooruitsig gestel word. Eweneens het 'n groot aantal van die 45 lede wat reeds by ons tak aangesluit het, aangedui dat hulle graag wil deelneem aan die verskillende afdelings van 2024 se VLU-kompetisies.

Alles dui daarop dat Kleinfontein gereed staan om 'n sterk bydrae te lewer tot die uitbou van die mooi ideale van die VLU.

- Martie Swart



*Bo: Hannetjie Malan, Marié Venter en Ria Pretorius werk ywerig saam aan die plak-'n-lappie-projek.*



*Links: Sally Ferreira gesels lekker met Elizabeth Prinsloo, Sonja Barnard en Susan Smit tydens die kenmekaar-sessie by die blou tafel.*

***Die takbetuur:*** *Agter: Petro Botha, Elsabé van den Berg, Zoey Human, Ona Loots, Elmien van Zyl, Leana Harmse, Jacomien Fryer, Esther de Wet, Rita Rorke, Martie Swart & Jackie van Jaarsveld*

*Voor: Retha Coetzer (voorsitter) & Sally Ferreira (streekvoorsitter)*






## NUWE JAAR, NUWE DINGE

Ons almal weet nuwejaarsvoornemens hou net so lank soos 'n gedagte – 'n diëet, nuwe gewoontes of oggendrituele waai by die deur uit sodra ons in die ritme van die nuwe jaar gemaklik raak. Daarom het ek besluit om nuwe "dinge" te doen eerder as om voornemens te hê en so het ek myself uitgedaag om in 2024 twaalf nuwe vaardighede aan te leer!

Dit het begin in 2023 toe ons by 'n stapklub aangesluit het en ek op een van die staptogte in 'n klam en donker grot ingeklouter het, én tussen 'n klomp vlermuise deur 'n nou skag moes stap om 'n ongelooflike grot van binne te kon bekyk. Ek het my vrees vir donker en onbekende spasies die stryd aangesê en sien nou meer kans vir die grotte wat in 2024 voorlê.



Daarom is hierdie ook die jaar van nuwe uitdagings – miskien is dit om te leer agteruit ry met 'n sleepwa, miskien is dit om sukses te hê met my beetblatjang. Maar daar is twaalf wonderlike maande van die jaar waarin ek iets nuuts gaan leer.

Wanneer die gewoonte om nuwe dinge te doen en te leer posgevat het, kan jy dit uitbrei en besluit om twaalf self-help boeke die jaar te lees, of om twaalf vriendinne weer op te soek of dalk twaalf nuwe resepte te probeer.

Alles haalbaar en moontlik – want dit is 'n klein getal en die boeke hoef nie dik te wees of die resepte te ingewikkeld nie. Toegegee – vir party van ons is selfs pannekoekbak 'n uitdaging!

Ek het my lysie gemaak en ook my vriendinne uitgedaag om dieselfde te doen. Leer swem. Leer brei. Leer 'n ander taal. Leer excel. Leer dans. By my gaan dit halfpad deur die eerste maand goed – eerste boek is halfpad gelees (*Laaste Kans* van Marieta van der Vyver) en eerste nuwe vaardigheid pak ek die naweek aan (die sleepwa-ding).

Die stappery in 2023 was vir my bevrydend! Dit het my geneem na plekke naby Pretoria waarvan ek nie eers geweet het nie! Dit het my gebring by waters waar ek werklik rus kon vind. Dit het my fisies getoets en ek weet nou dat my liggaam die oefening en uitdaging geniet! Die hartklop bedaar in die borskas maar die bloed pomp fluks deur die are sodat die oë aanhou blink!

En – ek weet ook dat die beste uitsig anderkant die hoogste heuwel wag!

Daarom moedig ek almal aan – stel vir jouself 'n lysie op van twaalf dinge (lesse, boeke, mense, programme, aktiwiteite….dus "dinge") wat jou in 2024 gaan opgewonde hou en hierdie jaar jou beste ooit gaan maak! Klim daardie heuwel – dit is elke keer die moeite werd!

- Hanlie Delport

**BESTUUR 2024**

*"Leef in volkleur"*



## HONEY COULD BE FAKE



We get very nostalgic when we talk about honey and bees especially if we think about the times when someone collected honey from a swarm in the garden. I have fond memories of my dad collecting honey in a nest somewhere on the roof of the farmhouse. I only remember we had to stay indoors while dad collected the honey. The taste of that honey was the best with fresh bread and butter. What lovely memories. Now that I am working with bees, I know that dad probably got many stings while collecting the lovely honey for us.

What is this thing about fake honey? It is real and it is important that every member of the Women's Agricultural Union of SA knows that there are honey in some shops that was not made by honeybees. It is man-made!

How do they do it? They use sugar syrup and caramelize it to look like honey. Sometimes they mix a little bit of honey with the syrup but they mostly use no honey.

How can we know honey might be fake? Look at the price of the honey. Real true South African produced honey (not imported honey) cannot cost less than R80 for a 500g bottle of honey. No beekeeper can harvest honey and charge less, except if he is selling to family and friends.

**Important: Read the label before you buy.** It is on the label. Many labels will have the word bee, honey, queen, king or a honeycomb or bee picture but the label will also indicate in smaller font - *"Sugar syrup* or *as in this case Honey based syrup"*

This label clarify that it is a sugar syrup and in small letters pure sugar cane. So if you buy such a product you cannot complain. The label told you!

The photo here of a label is an example that I got on the internet on a web page that sell honey. I took out the name (legal reasons) but left the rest of the information on the label.




Above is a photo of real honey that formed part of a honey competition in November at the Gauteng competition held by the Honey Judges and Stewards Guild of South Africa. If any member of the VLU want to contact the guild, please contact me. I became a junior honey judge in November last year.



- Elize Lundall-Magnuson, Liaison officer, Kilnerpark

082 379 1093

## VAN RIEBEECK

### MY STORIE OOR GRENADELLAS



'n Grenadella wat persgroen tussen welige blare hang teen 'n heiningmuur, hou nog altyd vir my 'n heerlike bekoring in. Nie alleen is dit 'n lekker vrug om te eet nie, maar sy blomme is ook innemend sag op die oog.

Op 'n goeie dag 'n jaar of so terug, speel ons rolbal in Pretoria iewers. Ek gewaar die grenadella wat aan die kant van die baan rank en salige skadu bied aan toeskouers of spelers wat wil asem skep. Aan die einde van die wedstryd pluk een van ons opponente 'n rankie van die grenadella af. "Wil jy ook een hê?" vra sy ewe mededeelsaam. Ek druk die dun rankie, so lank soos my middelvinger, sorgsaam in my tas. Hoe kon ek "Nee dankie!" sê, ek begeer al hoe lank 'n grenadella in my tuin.

Tuisgekom, sit ek dit in 'n glas water op my kombuisvensterbank. Na 'n tyd is daar fyn, dun worteltjies aan die onderpunt. Nog baie klein en pieperig. Toe die worteltjies meer word en ek moeg raak vir die halwe glas water op die vensterbank, druk ek my wysvinger in die sagte grond langs my heiningmuur en plant die steggie. Moeiteloos.

My diepste wens is dat dit sal groei en bloei en blom na hartelus. Soos die dae omgaan, vergeet ek van my ou brose grenadellaplantjie wat manmoedig sy eie uitdagings moet hanteer.

Intussen vind groei ongemerk plaas. Groot is my blydskap toe ek iewers in die somer van verlede jaar 'n latwerk teen die muur kon span sodat my grenadella, wat nou al tienerstadium bereik het, mooi kan oprank. Dit gebeur en ek voel bly. Uitendelik kon ek dit regkry om dié geliefde vrug permanente losies in my tuin te gee.

Toe Bronkies se koue winter bewend aangerol kom, vou ek my plant sorgsaam toe in 'n spierwit rypdoek. En hoop vir die beste. Seisoene kom en gaan en die sterkes sal bly staan.

Desember kom nader, die somerson bak op Moederaarde neer. Geheel my tuin ontaard in 'n lushof. My lekker plek. My stilwordplek. My dankiesê-plek.

Nà 'n onlangse lekker lang kuier in die Kaap en 'n vinnige draai deur die tuin, verwelkom twee groen grenadellas my. "Groenegagies" onthou ek dié naam vir 'n grenadella uit my kinderjare. Ek jubel en juig.

Terstond gaan koop ek nog meer latwerk want die gesonde ranke klim roekeloos oor die watermeter en draai vas om die stokroos se stingels. Hier is hulp nodig. Hulp en leiding. My buurman help om staalspykers in die muur te slaan en siedaar!

'n Welige grenadellaplant met verskeie lieflike blomme versier my tuin en my hele menswees. Die vrugbare grond, die goeie seën-reën van die somer, die mondevol oggendson - dit alles hou mos net ryk beloftes in.

Een van die dae maak ek 'n grenadellatert en hou makietie saam met my maters. Volg die skakel, kry die bestanddele, raak handig en proe die saligheid self!

Elizabeth Kendall, Skakelbeampte



*(Sien die resep wat sy verskaf het op p.39 - Red)*

**FOTOGRAFIE – SLUIT AAN BY 'N KLUB NABY JOU!**



Trippie Visser stel ons bekend aan 'n nuwe wêreld (nie net "mik en druk" nie) van foto's neem. Met behulp van 'n pragtige fotouitstalling leer sy ons meer van die verskillende tipes fotografie. Sy lig ons in waar persone wat belangstel in fotografie (of dit as stokperdjie wil bemeester) meer kan leer omtrent die kuns. Trippie beveel aan dat jy by 'n fotografieklub aansluit. Foto's word gereeld beoordeel en die fotograaf leer daarby.

PSSA (Photographic Society of South Africa) het klubs dwarsdeur die land. Kyk gerus na www.PSSA.co.za óf http://www.pssa.co.za/ vir inligting. Almal begin by 1* en kan vorder tot 5*. Daarna bereik hulle Meester Brons en kan vorder tot Groot Meester.

Elke maand word 3 foto's ingeskryf wat beoordeel word in die klasse: brons, silwer of goud. Die beoordeling help die fotograaf om te verstaan hoe die foto verbeter kan word. PSSA bied ook 'n Beoordelaarskursus aan.

Elke klub kry 'n beurt om gedurende die jaar Salonne aan te bied  'n Salon is 'n fotokompetisie wat landswyd aangebied word en die fotograaf kry 'n geleentheid om sy foto's se standaard te meet aan ander fotograwe se foto's in die res van die land. Medaljes word uitgereik aan die twee beste foto's wat in die afdeling van die Salon ingeskryf het.

So het Trippie Visser 'n medalje ontvang vir haar foto onder die afdeling: Monochroom. Baie geluk! *(foto bo met medalje in haar hand)*

**FOTOGRAFIE WENKE:**

- Leer ken jou kamera.
- Belangrik dat kamera se battery volgelaai is.
- Sorg dat foto skerp is.
- Indien moontlik, neem mense of diere op ooghoogte af.
- Neem meer as een foto – indien oë toe is.
- Sorg dat die agtergrond eenvoudig is.
- Landskappe: Gebruik derdes om fokuspunt te plaas.
- Beste tyd vir foto's is vroegoggend of laatmiddag – goue uur.
- Kamera moet doodstil gehou word of op 'n driepoot wees.
- Komposisie is belangrik vir elke foto.
- Neem foto's uit verskillende hoeke en kies die beste een.

- Christine Jooste, Skakelbeampte

## MEYERSPARK

**STEFAN SMUTS – "WHERE THE BEAUTY OF FRESH AND DRIED FLOWERS MEET."**

**Stefan het onlangs die TV program "Groen Vingers" gewen op die ouderdom van 26 jaar.**



Hy vertel dat hy van jongs af in blomme belanggestel het. Die bosveld en Afrika-natuur is sy inspirasie. Op 16-jarige ouderdom reël hy sy eerste professionele troue. Vandag is hy 'n erkende dekor- en blommestilis.

Stefan se demonstrasie gaan oor die gebruik van droë en vars blomme waar hul skoonheid mekaar ontmoet. By staanrangskikkings maak hy gebruik van sterk lyne met droë materiaal soos stokke, palmblare en palmiete vir verskillende teksture. Daarna vul hy dit aan met grasse en vars blomme.

Hy wys die dames daarop dat hul die kunsbeginsels ook in blommerangskikking moet toepas soos beweging, ritme, kontras in tekstuur en kleur. Herhaling is belangrik. Wuiwende materiaal gee daardie nodige beweging. Enige kleur blomme pas by droë materiaal maar 'n effekleur is meer treffend. Bont kan baie onrustig en besig wees.

Hy demonstreer ook hoe om 'n tafelrangskikking vir plasing teen 'n muur te maak. Vir 'n middelrangskikking sal hy net blomme regop om plaas. Hy speel met die idee van lente wat uit die droogheid van die winter spruit.

Reël nommer een is dat jou houer goed versteek moet wees met jou plantmateriaal.

Rangskikneigings vanjaar is baie los. Spasies tussen materiaal moet genoeg ruimte gee vir die effek van beweging. Hy maak weereens gebruik van verskillende droë teksture. Sy vars blomme is roomkleurige rose wat baie treffend teen die bruin van die droë blare is. Groter blomme plaas hy eerste op verskillende hoogtes, hy wys hoe toe-rose oper en groter gemaak kan word deur op hul te blaas en daarna hulle tussen hande te swaai. Hierdie metode verkort egter jou blom se lewe en moet net op die dag van die geleentheid gedoen word. Nie al jou blomme moet oop of toe wees nie. In die veld is blomme in verskillende stadiums.

Nog raad wat hy gee is om blomstingels op 'n 45 grade hoek te sny sodat hul nie plat op die bodem rus en dus nie kan water opneem nie. Moet ook verkieslik nie blomme uit koelkamers gebruik nie. Hulle is gevoelig vir temperatuurwisseling.

Stefan bied werksklasse aan in klein groepies waar die dames die koste van blomme kan deel. Inligting is op sy webblad.

- Nicoline le Roux, lid.

## KUNS: WAAR KRY EK MY INSPIRASIE?

Inspirasie kom van oraloor. Dit blaas die smeulende, dikwels onbewuste “kole” hier binne aan. En soms veroorsaak dit ‘n vlammende vuur van opwinding. ‘n Heerlike gevoel van positiwiteit neem dan van jou besit en jy wil binne ‘n dag die wêreld verskuif, dit sommer uit sy fondasies ruk.

My inspirasie om kunswerke te skep kom gewoonlik vanuit die natuur. ‘n Mens leer om oopoog deur die lewe te gaan. KYK NET! Sien die mooi om jou raak. Dis oral. Spierwit wolke teen die blou, ‘n growwe boomstam, ‘n skaduwee teen ‘n muur, spore in die sand, blare en gras. Skoonheid lê in eenvoud. In die doodgewone dinge is daar dikwels ‘n verrassing wat wag.

***Landskappe, seetonele, blomme en bome*** bly maar altyd gunstelinge. My liefde vir die natuur en al die baie kleure en prentjies wat dit bied, is ‘n voortdurende inspirasie om net aan te hou skilder. Soms realisties, soms abstrak, soms net agter die lekker aan.





Om met ‘n Shaeffer vulpen te kan skryf en selfs een te besit, is vir my nog altyd een groot bederf. Shaefferpenne is al vir langer as ‘n eeu in gebruik en word in meer as sewentig lande hoog geag weens die gewildheid daarvan. So ‘n spogpen raak ook mos nie sommer weg nie, dit bly by jou. Getrou soos ‘n goeie lewensmaat. ‘n Vertroueling. Daarom is dit vir my heerlik om met ***pen-en-ink*** en water sketse na willekeur te maak. My Shaefferpen inspireer my!





Miskien het die lang jare van skoolhou ook ‘n deel bygedra tot inspirasie om ***kinderkuns*** te teken. Hierdie vrolike karakters is baie gewild en kikker sommer enige vaal dag op. My droom is om dit op plekmatjies, bekers, kussings en duvets te laat druk en sodoende baie kinderhartjies bly te maak. Daarom deel ek graag ‘n paar voorbeelde.





*Kom ons Leef in Volkleur vanjaar - letterlik en figuurlik!*

Wees gelukkig en gebruik elke talent wat jy het.

- Elizabeth Kendall , Skakelbeampte, Van Riebeecktak

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS - WITWATERSRAND

## CORNÉ GASPAR - WITWATERSRAND SE STER.






Hierdie vrou het al DIEP spore in die VLU getrap. Indien daar ‘n lys van al haar VLU-prestasies gemaak moet word, is ‘n hele koerant nodig.

Corné is met Tony getroud en hulle het twee seuns, een skoondogter en sy is die trotse ouma van twee kleinseuns.

Corné se passie is borduur en sy leef dit ook uit. Sy is een van sewe dames wat ‘n SAVLU-erepenning vir borduurwerk gekry het. Dit is egter nie die enigste kuns waarin sy uitblink nie want haar hekel- en breiwerk het ook die hoogste prestasies behaal. Haar huis vertel ‘n verhaal met al die pragstukke wat deur die jare geskep is met ‘n storie rondom elkeen wat ryke herinneringe is. Dit is asof jy elke keer iets nuuts raaksien in die ure, weke, maande, jare se werk - ‘n belewenis.

Sy was betrokke by die ontwerp van die VLU Overvaalvaandel asook Witwatersrand se vaandel. Sy het ook ywerig gehelp met die ontwerp en maak van die pragtige tafeldoeke wat ons met konferensie en kongres te siene kry. Daar is ook tapesserië in die Voortrekker Monument en ’n paneel in die Kultuurhistoriese museum.

Corné is baie aktief by die Borduurgilde waar sy jare reeds op die bestuur dien en kursusse aanbied. Haar ander stokperdjie is die maak van trou- en aandrokke maar hiermee het sy nou halt geroep. Sy het VLU-vriendinne ooral oor die land.

Corné, ek kan nie genoeg dankie sê vir wat jy vir die VLU doen en beteken nie. Jy hef waarlik die vrou op. Dit is ‘n eer om jou te ken en om by jou te leer borduur. Ons is dankbaar vir alles wat jy vir ons almal beteken. Wat Corné so besonders maak is dat sy elke Donderdag vir ons borduurklasse by haar tuiste aanbied. Hier leer sy ons geduldig met haar onbeskryflike breë kennis. Die klasse is nie uitsluitlik vir VLU-lede nie en daar maak ons nuwe vriendinne.

Die VLU vloei deur haar are maar met al hierdie prestasies, is sy nog steeds nederig en plat op die aarde – ‘n aangename mens om te ken.

Corné ek salueer jou.

- Ronel de Greeve, Witwatersrand-skakelbeampte

*Bo:* *Casalguidi borduurwerk*

*Bo regs:* *Corné ontvang die trofee vir die beste hekelwerk - Mandala by SAVLU Kongres van Tharina Rossel.*

